

## EERWAARDE F. C. A. GRÜNBERGER — 'N LEWENSSKETS\*

Die lewensgeskiedenis van eerwaarde Grünberger mag nie geskei word van die sendingaksie wat hom in 1868 na Suid-Afrika gestuur het nie. Hierdie sendingaksie was die Berlynse Sendinggenootskap.

Die Berlynse Sendinggenootskap is deur 'n groepie gelowige manne, wat sterk onder die besef van die uitbreiding van Gods koninkryk onder die heidene was, op 29 Februarie 1824 te Berlyn gestig.<sup>1</sup> Die stigters het besluit om aanvanklik slegs sendingwerk in Suid-Afrika te doen. Later is hulle terrein vergroot om ook Sjina en Oos-Afrika in te sluit. In 1829 is 'n sendingskool gestig waar alle voornemende sendelinge hulle opleiding sou ontvang. In die eerste jare van die bestaan van die Berlynse Sendinggenootskap, moes sendelinge 'n vierjarige kursus voltooi en later is die tydperk na vier en 'n half jaar verleng.<sup>2</sup> Die kursus was hoofsaaklik daarop gemik om die sendelinge 'n goeie praktiese opleiding te gee. Aan die onderrig van tale is veral baie aandag bestee. Die sendeling moes, benewens die inheemse taal van die gebied waar hulle sou gaan sending doen, ook 'n uitstekende kennis van hulle moedertaal hê, daar die kategismus deur hulle uit Duits in die betrokke taal van die gebied waar hulle gaan werk, vertaal moes word.

Voornemende sendelinge is aan streng toetse onderwerp en slegs oortuigde gelowiges, is vir opleiding aangeneem. Die meeste sendelinge is uit die gewone middelklas van die bevolking getrek.

Die Berlynse Sendinggenootskap was, wat geloof betref, Evangelies-Luthers. Die sendelinge moes streng hou aan die Augsburgse-konfessie en Martin Luther se kort Kategismus. Tog was dit hulle geoorloof om redelik vrysinnig te preek. Hoofsaak was dat die evangelie van Verlossing verkondig moes word uit gelowige oortuiging.

### *Jeugjare*

Op 15 April 1838 het Friedrich Carl Adolph Grünberger die eerste lewenslig te Godow in Bo-Silesië aanskou. Grünberger se ouers was Jode en meer is van hulle nie bekend nie.

\* Die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, Pretoria, het onlangs 'n waardevolle versameling foto's en persoonlike dokumente geskenk gekry wat aan Eerwaarde Friedrich Carl Adolph Grünberger (1838-1918), sendeling, predikant en geneesheer in Transvaal behoort het. Sy lewe, soos te lees is uit hierdie dokumente, foto's en voorwerpe, is een van die interessantste hoofstukke van die geskiedenis van veral Pretoria, van die Duitse gemeenskap en die sending in en om Pretoria.

1. Kratzenstein, E.: *Kurze Geschichte der Berliner Mission, in Süd- und Ost-Afrika*, p. 1.
2. *Ibid.*, p. 2.

Van sy vroeë kinderjare en jeug, weet ons so goed as niks nie. Volgens die verslae in die Kerkargief te Berlyn, (Kerkargief van die Lutherse Kerk), moes die jong Grünberger baie ly as gevolg van sy Joodse afkoms. As jeugdige is Grünberger deur 'n wanderlus gepak en begin hy rondswerf. Hy besoek feitlik die hele Noord-Duitsland en o.a. ook die stad Hamburg. Hierna is hy na Sakse en besoek ook Hongarye.



*Die Jong Eerw. Grünberger as soldaat in die Pruisiese Leër (Foto: Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum).*

Of Grünberger as jeugdige reeds met die Christelike leer in aanraking was, is onbekend. Ons weet slegs dat hy tydens sy swerf-

togte rus vind in die Christelike gemeentes wat hy besoek en dat hy hierdeur tot die Christendom bekeer is. Hy sluit aan by die Lutherse Kerk en is later gedoop. Presies wanneer hy gedoop is, is onbekend, maar daar word aangeneem dat dit tussen sy twintigste en twee-en-twintigste lewensjaar moes gewees het. Kort hierna besluit Grünberger om by die Berlynse Sendinggenootskap aan te sluit en met 'n kursus in die medisyne in Berlyn te begin.

### *Opleiding en oorlog*

Merkwaardig is die feit dat na Grünberger se toetrede tot die Berlynse Sendinggenootskap daar nooit weer iets van sy Joodse afkoms gerep word nie. Die rede mag heel moontlik gevind word in die posisie wat Jode na die Napoleontiese oorloë beklee het. Gedurende die Napoleontiese bewind, het die posisie van die Jode verander. Jode kon nou burgerskap van 'n land kry en gevolglik het baie Jode hulle identiteit verruil om burgers van die land waarin hulle woonagtig was, te word. So byvoorbeeld word die Joodse digter Heinrich Heine volkome Duits na aanvaarding van Duitse burgerskap. Dit mag ook die geval met Grünberger na sy bekering tot die Christendom gewees het.

Onderwyl Grünberger studeer het, het die politieke situasie in Duitsland spannend geword as gevolg van kanselier Otto von Bismarck se ideaal om Duitsland polities te verenig deur middel van sy „Blut und Stahl“-beleid. Dat daar oorloë sou kom, was vir Bismarck reeds op daardie stadium 'n uitgemaakte saak. Gevolglik was militêre opleiding vir elke Duitse burger verpligtend.

Op 31 Oktober 1860 tree Grünburger toe tot die staandemag en wel as lid van die elfde kompanjie van die *Keiser Franz-Garde-Grenadier-Regiment No. 2*.<sup>3</sup> Hy was nog student met die uitbreek van die oorlog teen Denemarke in 1864 en sy deelname aan hierdie oorlog, besorg hom later 'n medalje. Grünberger was onderoffisier en ook behulpsaam in die militêre hospitaal. Twee jaar later vind ons hom weer aktief aan die oorlogsfront en wel hierdie keer teen Oostenryk. Weer eens ontvang hy 'n kenteken vir goeie diens tydens die oorlog.

Grünberger se besluit om 'n mediese rigting te laat vaar en teologie te studeer, bring ietwat verwarring. Presies wanneer hy hierdie verandering gemaak het, is nie bekend nie. Dis slegs bekend dat hy op aandrang van die Berlynse Sendinggenootskap teologie gaan

3. Dokument van die *Garde Korps*, Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuuseum, Pretoria.

studeer het, met die oog op sending. Op 22 April 1868 is hy in sy amp as prediker en sendeling bevestig,<sup>4</sup> en feitlik onmiddellik na sy bevestiging, vertrek eerw. Grünberger na Suid-Afrika.

### *Suid-Afrika*

Met sy aankoms in Durban, is eerw. Grünberger na die sendingstasie Christianenburg, wat ook deur die Berlynse Sendinggenootskap gestig is. Christianenburg is naby „Neu-Deutschland”, wat deur ’n groepie Duitse setlaars aangelê is, geleë. Hier op Christianenburg, ontmoet Grünberger vir eerw. Posselt, onder wie se beheer Christianenburg gestaan het. Presies hoelank Grünberger hier vertoef het voordat hy na Pretoria is, is ongelukkig ook onbekend. Te Christianenburg het hy die dogter van eerw. Posselt, Mathilda Posselt, ontmoet met wie hy later sou trou.

Eerw. Grünberger is in 1868, vergesel van eerw. Gustav Trümpelmann,<sup>5</sup> na Pretoria. Die Pretoria waarheen Grünberger gekom het, was ’n dorpie met slegs twaalf somers agter die rug, maar was reeds agt uit die twaalf jaar hoofstad van die Zuid-Afrikaansche Republiek gewees. M. W. Pretorius, toenmalige president, wat sendingwerk goedgesind was, het reeds in 1866 aan die Berlynse Sendinggenootskap die reg verleen om in Pretoria ’n sendingstasie op te rig, en is eerw. Knothe gestuur om die sendingstasie te Pretoria te begin. Die gemeente het so goed vooruitgegaan dat eerw. Knothe reeds in 1868 ’n kerk en pastorie laat bou het. (Dit was op die hoek van Visagie- en Andriesstraat). Knothe het ook met die hulp van nie-blanke bekeerlinge ’n hele reeks buitestadies gestig wat tot gevolg gehad het dat die werk vir een sendeling te veel geword het.

Aanvanklik het eerw. Grünberger vir eerw. Knothe gehelp tot dat die Uitvoerende Raad van die Z.A.R. op 27 Maart 1869 goedgekeur het dat daar 17 myl noord-oos van Pretoria ’n selfstandige sendingstasie opgerig mag word.<sup>6</sup>

Eerw. Grünberger het stigter geword van hierdie nuwe stasie wat hy Wallmannsthal genoem het. Hier op Wallmannsthal bly eerw. Grünberger egter slegs ’n jaar, en in Maart 1870 is hy weer terug in Pretoria.

Volgens die *Missionsberichte* het hierdie twee sendelinge hul arbeidsterreine omgeruil. Fredrich Grünberger kom na Pretoria en

4. *De Volkstem*, 23/4/1918.

5. *De Volkstem*, 23/4/1918.

6. Kratzenstein, E.: a.w., p. 170.

Carl Knothe gaan na Wallmannsthal. Kort hierna tree Grünberger in die huwelik met Mathilda Posselt en die jong egpaar vestig hulle in die ou sendinghuis op die hoek van Visagie- en Andriesstraat. Volgens 'n vertelling van mev. Grünberger het Pretoria in 1870 ongeveer 600 inwoners gehad.<sup>7</sup>

Eerw. Grünberger het reeds kort na sy aankoms vir die Duitse immigrante begin kerk hou en dit wil voorkom asof hy meer aange-trokke gevoel het tot die blanke, wyl Knothe beslis 'n groter liefde vir die Bantoe gehad het.<sup>8</sup> Benewens die sendingwerk en blanke be-arbeiding, begin Grünberger ook 'n mediese praktyk. Op 21 Desember 1870 verleen president M. W. Pretorius hom „admissie, als ge-nees- en heelkundige in de Zuid-Afrikaansche Republiek”.<sup>9</sup> Benewens Grünberger word daar in die *Staatcourant* van 10 Januarie 1871<sup>10</sup> aan die volgende persone toestemming verleen om in die Z.A.R. as ge-neeskundiges te praktiseer: Alexander Merensky en Frans Lion-Cachet. (Terloops, Lion-Cachet het hoegenaamd geen mediese op-leiding gehad nie.) Voorts word in dieselfde *Staatcourant* vermeld dat Friedrich Adolph Grünberger benoem is tot lid van die Genees-kundige Kommissie van die Z.A.R. Dit het die jong eerw. Grünber-ger nie lank geneem om een van Pretoria se gesiene inwoners te word nie.

Thomas Burgers, wat in 1872 president van die Z.A.R. geword het, was 'n gereelde besoeker by die Grünbergers en dwing dié jong predikant van die Kaap, met sy redelik liberale opvattinge, baie ag-ting by die Grünbergers af.<sup>11</sup>

Eerw. Grünberger se sendingwerk, was so geseënd gewees dat hy in 1876 daaraan begin dink het om nog 'n buitestatie te stig, en in dieselfde jaar kom die stasie Edenvale, naby die huidige Cullinan, tot stand. Teen 1879 was beide die kerk en skool op Edenvale ge-reed vir inwyding.

Eerw. Grünberger het hom aktief bemoei vir die verbetering van die onderwys en wel ook die blanke-onderwys. In 1876 het ds. H. S. Bosman van die N.G. Kerk hom begin beywer vir Engelse on-derwys en stig so sy „Prospect Seminary”. Aanvanklik word die leerkragte besoldig deur van elke gemeentelid een sjieling (10c) te vra, maar 'n aangeleentheid wat langsamerhand geweldige teen-

7. *Der Deutsch-Afrikaner*, 29 Sept. 1927, p. 26.

8. Vgl. Van Rooyen, T. S.: *Die Kronieke van Wallmannsthal, Pretoriana*, Deel 3, No. 2, p. 17.

9. Dokument van Admissie in Kultuurmuseum.

10. *Staatscourant der Zuid-Afrikaansche Republiek*, 10 Januarie 1871.

11. *Der Deutsch-Afrikaner*, 29 Sept. 1927, p. 26.

kanting tot gevolg gehad het. Die gevolg hiervan was dat ds. Bosman 'n komitee in die lewe geroep het om fondse in te samel vir die oprigting van 'n kosskool. Dié komitee het bestaan uit: ds. H. S. Bosman (voorsitter), G. Mynhardt (sekretaris) en eerw. Grünberger as tesourier.<sup>12</sup>



*Eerw. Grünberger op Gevorderde Leeftyd. (Foto: Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum.*

Hoewel Grünberger se werksaamhede vreedsaam verloop het, is die vreedsame groei van die Republiek skielik bedreig toe T. Shepstone op 12 April 1877 Transvaal geannekseer het. 'n Onmiddellike

12. Peacock, R.: *Die Geskiedenis van Pretoria 1855-1902*, p. 108.

bedreiging het dit vir die sending nie ingehou nie, daar die Boere tot lydelike verset oorgegaan het.

Eerw. Grünberger was gedurende die anneksasietydperk besig om sy sendingstasie na Boomstraat (waar vandag die stedelike vervoerdepot van Pretoria gehuisves is) te verskuif. Reeds in Augustus 1866 het eerw. Carl Knothe 'n stuk grond in Boomstraat gekoop wat as Skoolplaas bekend gestaan het. Na die voltooiing van 'n kerk en pastorie te Skoolplaas, het eerw. Grünberger in 1880 daarheen getrek. Die sendingstasie te Skoolplaas het eintlik Frischgewaagd geheet.<sup>13</sup> In 1955 het die hoofskip van hierdie kerkie nog gestaan. (Vgl. Van Rooyen, T. S. *Die Kronieke van Wallmannsthal.*)

Teen die einde van 1880 het die Boereleiers besef dat hulle beleid van lydelike verset nie hulle onafhanklikheid aan hulle sou terugbesorg nie, en besluit hulle om die wapens op te neem. In Desember 1880 breek die Eerste Vryheidsoorlog uit en Pretoria word deur die Engelse beset. Eerw. Grünberger se kerk is nie gespaar nie. Die Engelse het skietgate in die mure gekap, die balke, bouhout en dekgras van en uit die kerk verwyder om hulle skanse mee te bou.<sup>14</sup> Wat presies eerw. Grünberger se gevoel teenoor die oorlog was, is nie bekend nie. Uit die argiewe te Berlyn blyk dat hy veral besorg was oor die toekoms van sy sendingwerk en hy alles in sy vermoë gedoen het om Skoolplaas en Edenvale uit die oorlog te hou. Die Eerste Vryheidsoorlog was gelukkig kort van duur en op 27 Februarie 1881 het die Engelse, na die slag van Majuba, vrede gesluit. Aan Grünberger is volle skadevergoeding betaal en kon die skade aan sy kerk gou herstel word. Op 14 Augustus 1881 is die kerk weer eens op feestelike wyse ingewy.<sup>15</sup>

Na die teruggawe van Transvaal in 1881, het die nuwe president Paul Kruger, 'n beleid van algehele godsdienstvryheid gevolg. As die direkteur van die Berlynse Sendinggenootskap, dr. D. Wangemann, in November 1884 sy besoek aan Skoolplaas bring, vind ons hom en eerw. Grünberger as gaste van pres. Kruger.

Die regeringstyd van pres. Kruger is gekenmerk deur welvaart en vooruitgang in die jong Republiek. Die jare 1885-1886 bring verdere voorspoed as goud aan die Witwatersrand ontdek word. Die ontdekking van goud het meegebring dat talle uitlanders, waaronder ook Duitsers, hulle in die Republiek kom vestig het. Die Duitsers wat hulle in Pretoria kom vestig het, het geen kerk of leraar ge-

13. Sack, P. K. E.: 'n *Persoonlike herinnering*, *Skoolplaas, Pretoriana*, No. 46, Desember 1964, p. 28.

14. Vgl. Kratzenstein, E.: a.w., p. 243.

15. *Ibid.*, p. 244.

had nie en Grünberger het hom nou begin beywer vir veral twee dinge, nl. 'n kerk vir die Duitsers en 'n skool vir hulle kinders. Hy wou 'n stukkie „Deushtum” in Pretoria skep. Benewens hierdie ideale het eerw. Grünberger nog steeds sy mediese praktyk behou. As die eerste Staatshospitaal in 1888 te Pretoria geopen word, is ook Friedrich Grünberger op die hospitaalraad.<sup>16</sup>

Later in dieselfde jaar besluit hy om weens gesondheidsredes, sy sendingwerk te laat vaar en slegs predikant vir die Duitse gemeenskap in Pretoria te wees. Sy sendingwerk gee hy oor aan eerw. Carl Sack en kon eerw. Grünberger hom meer as ooit tevore, aktief beywer vir die verkryging van 'n eie Duitse kerk. Dit was seer sekerlik geen maklike taak nie. Ongelukkig het hy self nooit 'n dagboek aangehou nie en is daar maar min bekend van die stryd wat daar gestry is om 'n eie kerk te kry. In 1889 egter, word die Duitse gemeente gekonstitueer en sodoende amptelik gestig. Hoewel die ou kerkregister tot 1873, toe die eerste inskrywing gemaak is, teruggaan, kon daardie jaar egter nie as die stigtingsjaar van die Duitse gemeente te Pretoria beskou word nie.

Na die amptelike stigting is daar begin kollekteer om fondse vir die bouwerk in te samel. Die grond vir die kerk is deur eerw. Grünberger geskenk en 'n gesiene Duitse inwoner van Pretoria, mnr. F. Klinkenberg het 'n groot bedrag geld vir die bouwerk gegee. (Die grond wat aan eerw. Grünberger gegee is, behoort vandag nog aan die Duitse gemeente en is geleë op die hoek van Skinner- en Van der Waltstraat). Volgens die dogter van eerw. Grünberger, mev. M. S. D. Stahl wat in 1875 gebore is, het die Boere ook geld bygedra, so bv. het sy by President Kruger gaan kollekteer en het hy haar vyf goue ponde gegee.<sup>17</sup>

Op 7 Januarie 1890 is die hoeksteen van die Sankt-Peterskirche deur pres. Kruger gelê en die lang gekoesterde ideaal was verwesenlik. Die Duitse gemeente kon nou ook aansoek doen om volle erkenning by die „Evangelische-Ober-Kirchenrath” in Berlyn. Hulle aansoek is goedgekeur en word die Duitse kerk te Pretoria nou deel van die evangeliese Landskerk.

Eerw. Grünberger kon nou aan sy tweede ideaal begin werk, nl. die verkryging van 'n Duitse skool. Die geleentheid vir aksie het in 1897 gekom met die afsterwe van die heer F. Klinkenberg. Hy laat in sy testament R2,000 na vir die stigting van 'n skool en benoem vier persone, waaronder eerw. Grünberger, as beheerders van dié fonds.

16. Peacock, R.: a.w., p. 231.

17. Van Eeden, H. B.: *Die herinneringe van mev. M. S. D. Stahl*.



Intussen het die oorlogswolke weer eens oor Transvaal begin saampak, maar dit het die stigters van die Duitse skool nie afgesit nie. In Mei 1899 is 'n skoolkommissie saamgestel. Die testament het bepaal dat daar R2,000 gebruik kon word vir die oprigting van 'n skoolgebou en sou daar weer eens gekollekteer moes word. Talle instansies o.a. die N.Z.A.S.M. (Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij), het geld geskenk, terwyl die Regering die grond geskenk het. In afwagting dat die Duitse skoolgebou voltooi moes word, is twee klaskamers van die Staatsgimnasium voorlopig vir dié doel gebruik.



*Die Sendingkerkie op Wallmannsthal. Wallmannsthal is in Maart 1869 deur Eerw. Grünberger aangelê. Die Kerkie se dak was oorspronklik van gras. (Foto: Nasionale Kultuurhistoriese en Ope-lugmuseum).*

Met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog in 1899 was daar sowat 43 leerlinge en in 1900 het die getal tot 60 gestyg. Op 18

April 1900 kon die leerlinge hulle eie skoolgebou betrek en voortaan sou ook die Duitse regering jaarliks 'n subsidie verstrek.<sup>18</sup>

In 1909 het eerw. Grünberger sy amp neergelê. Van sy doen en late hierna is nie veel bekend nie behalwe dat *De Volkstem* van 22 April 1918 berig dat sy 50ste jaar as predikant, onder blyke van groot belangstelling, herdenk is. 'n Tweede berig in *De Volkstem* van 1 Augustus 1918 meld weer dat „de bekende, eerbiedwaardige figuur van Pastoor Grünberger zullen wij niet langer door onze straten zien gaan. Heden is deze oude eerbiedwaardige inwoner van Pretoria de eeuwigheid ingegaan”. Friedrich Grünberger is deur feitlik almal geken en gegroet. Sy lang hare en groot figuur het almal se aandag getrek. Sy sterk karakter en standvastigheid het by almal respek afdwing. Sy taak was afgehandel en in die hoë ouderdom van tagtig en 'n halfjaar kon hy gaan rus van sy arbeid.

In meer as een opsig het Friedrich Grünberger 'n aktiewe bydrae gelewer tot die ontwikkeling en vooruitgang van Pretoria. Selfs presidente en staatsamptenare het sy raad opgesoek. Die vyftig jaar wat hy in Suid-Afrika deurgebring het, het Grünberger gewy aan medemenslike diens. Sy onbaatsugtige ywer het tot gevolg gehad dat hy in hierdie vyftig jaar nie 'n enkele keer met vakansie na sy geboorteland teruggekeer het nie. Hy het inderdaad Pretoria sien groei van 'n gehuggie tot 'n groot vooruitstrewende dorp. Lief en leed het hy met die Pretorianers gedeel. As medikus het vele by hom hulp gevind. onder wie ook die familie van pres Kruger.

Met eerw. Grünberger se dood, was dit feitlik vanselfsprekend dat hy ter aarde bestel sou word te Pretoria — die plek waaraan hy so verknog was. Die treffende inskripsie op sy grafstreen spreek in menig opsig nog luid van sy dienste as sendeling, geneesheer en predikant. „Selig sind die Todten die in dem Herrn sterben von nun an. Ja der Geist spricht dass sie ruhen von ihrer Arbeit denn ihre werke folgen ihnen nach”.

Die huidige Duitse gemeente te Pretoria kan met trots en dankbaarheid trugkyk na wat Friedrich Grünberger vir hulle gedoen het.

D. W. van der Merwe.

18. Vgl. ook *Pretoria 1855-1955. Geskiedenis van die stad Pretoria, Stadsraad van Pretoria*, p. 216-217.